

22 Junie

Skrifgedeelte: Titus 3:1-11  
Fokusgedeelte: DL, 3/4:1

### Van heilig tot boos deur sy eie toedoen

In die tyd waarin ons leef, glo baie mense dat die mens inherent goed is. Hulle glo dat elke mens in sy wese eintlik goed is en dat 'n mens maar net goed genoeg moet kyk om die goedheid in ander raak te sien. Die Bybel sê egter anders. Volgens die Bybel was die mens inherent goed, maar ná die sondeval het die mens in sy wese boos geword. Van heilig tot boos deur sy eie toedoen – dit is die tragiese verhaal van die mens!

God het die mens na sy beeld geskep: “Verstandelik was hy toegerus met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus, en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig.”

Maar toe die mens sonde gedoen het, “het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof”. Daarom skryf Paulus in vers 3: “Vroeër was ons ook onverstandig, ongehoorsaam, op die verkeerde pad, verslaaf aan allerlei begeertes en singenot; ons het ons lewe in kwaadwilligheid en jaloesie deurgebring; ons was haatlik en het mekaar gehaat.” Hierdie beskrywing is vandag nog net so van toepassing op enige mens wat nog nie in die Here glo nie. Die ongelowige mens is dus in sy wese boos. In die plek van die heiligheid waarmee God ons geskep het, het die mens hierdie boosheid oor homself gebring. Daarom kan ons maar daarvan vergeet om die goeie in elke mens te probeer raaksien.

Tog is alles nie verlore nie. As Paulus skryf, “Vroeër was ons ook ...”, beteken dit gelowiges is nie meer so nie. Jesus het mens geword en ook sy Gees oor ons uitgestort om die situasie te verander! Nou is ons deur God se genade nuwe mense wat ons op goeie werk kan toelê! (Vgl vers 8.) Op watter goeie werk gaan u vandag toelê?

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~